

Helpmekeer Kollege

25 Januarie 2025

NUUSBRIEF 2



NUWE JAAR



NUWE HELPIES

Dit was weer eens vir ons 'n absolute voorreg om die Welpies van 2025 by Ons Plek te verwelkom, maar 'n nóg groter voorreg om hulle as volwaardige Helpies op Vrydag, 17 Januarie te kon inhuldig.



NUWE HOOF

Mnr. Martin Botha het amptelik op 13 Januarie sy plek in die groot kantoor aan die onderpunt van die kort gangetjie ingeneem.

Hy het die afgelope twee weke sy plek hier volgestaan en die Helpies geniet reeds sy humor.

Mnr. Botha is aangenaam verras met hoe vinnig die h le Helpie-familie hom laat tuis voel het en hy spreek sy opregte dank uit oor die hartlikheid van die ouers, onderwysers  n leerders, wat hy tot dusver beleef het.



NUWE ONNIES

Die volgende onderwysers is met die hand uitgesoek en het aan die begin van die jaar by ons aangesluit.



Wilmarie Brand
Afrikaans



Hiliza de Wet
Kuns



Natalie Grové
LW



Marli Labuschagne
Engels FAL



Lizet Korb
Afrikaans



Vinette Otto
Wiskunde



Wessel Sonnekus
Engels FAL + HL



Jean Steenkamp
FW + Wiskunde



Tjaart vd Walt
BS + Toerisme



Elizabeth Venter
Wiskunde



Melissa Weideman
Rekeningkunde

**WELKOM BY
ONS PLEK.**

GROENTJIE

KONSERT





NOODHULPKURSUS (VLAK 1)

Glegs vir Helpmekaar-leerders

DATUM: Saterdag, 15 Feb

PLEK: Helpmekaar Kollege

TYD: 08:00 - 15:00

KOSTE: R 450 per leerder

- Geld moet in die **skool se rekening** inbetaal word.
- **Verwysing:** Leerder se naam en van + *Noodhulp*
- **Bewys van betaling** moet aan juf. Lenke Kruis gestuur word: lenke.kruis@helpmekaar.co.za



SWEM

INTERHUIS











va vd Westhuysen







WISKUNDE OLIMPIADE

DATUM: Donderdag, 13 Mrt

PLEK: Helpmekaar Kollege

TYD: Direk ná skool

KOSTE: R 50 per leerder

- Geld moet in die **skool se rekening** inbetaal word.
- **Verwysing:** Leerder se naam, van, graad + *Wisk Olimpiade*
- **Bewys van betaling** moet aan juf. Cilna Coetzee gestuur word: cilna.coetzee@helpmekaar.co.za

Registreer
voor 14 Februarie



HIER



WELPIE

INHULDIGING







Kyk gerus
die video
hier



AKADEMIESE PRYSUITDELING

Slegs leerders wat balkies of erekleure ontvang, woon die aand by.

Balkies word toegeken vir 'n gemiddeld van 85%+ of vir 'n derde sertifikaat. Derde balkies sal erekleure ontvang.

Ouers sal vroeg volgende week die uitnodigings per e-pos ontvang.

DATUM: Donderdag, 30 Jan

PLEK: Skoolsaal

TYD: 18:00

PARKERING: Rand Girls



ATLETICK

INTERHUIS





TENNIS

VYF Helpies het verlede week hul provinsie by die Interprovinsiale kampioenskappe verteenwoordig.

Jonny Visagie (gr. 10) en **Amelie van Zyl (gr. 12)** se span het goud gewen in die o.19-afdeling.



Kristian van Gaalen is ook gekies vir die SA skolespan wat later dié jaar SA in Engeland sal verteenwoordig.

Milah Neveling (gr. 8), Zian Grobler (gr. 9) en **Kristian van Gaalen (gr. 9)** se span het in die 0.15-afdeling 'n silwer medalje verower.



KRIEKET

Baie geluk aan beide die **eerste span** en die **o.16 A's** wat Woensdag koning gekraai het in hul wedstryde teen *St Stithians*.

Die **o.16 A's** het ook gister oortuigend teen *Parktown Boys* gewen.



Helpmekaar kriket

Helpmekaar 1 (20 beurte)



Helpmekaar 1

147/7 (20.0)

Anrich L	59	33	Nicholas B	2-19	3.0
Zuan J	19	19	Akhill C	2-38	6.0
Anthony S ☆	17	17	Nqaba M	1-23	2.0



St Stithians 1

145/4 (20.0)

LM	70	41	Juandre V	2-32	4.0
Thomas C ☆	34	38	Anrich L	1-8	4.0
Nicholas B	13	7	Aiden P	1-26	4.0

HLP won by 2 Runs



Helpmekaar kriket

Helpmekaar o/16A (20 beurte)



Helpmekaar o/16A

209/5 (20.0)

Ruben B	69	35	Gethin K	2-28	3.0
John B	69	44	Haizum K	1-23	2.0
Keegan V	24	11	Thabang M	1-31	3.0



St Stithians o/16A

116/10
(16.0)

Cameron B	45	30	Rudolph O	4-17	4.0
Jason J	33	19	Alexander T	3-24	3.0
Noah B	19	19	Ruben B	1-28	3.0

HL1 won by 93 Runs



Helpmekaar kriket

Helpmekaar o/16A (20 beurte)



Parktown o/16A

37/9

(18.3)

Josh V	10	26	Ruben B	3-8	3.3
Emile F	7	23	Rikus B	2-1	1.0
Keagan J ☆	5	11	John B	2-4	4.0



Helpmekaar o/16A

40/1

(5.5)

John B ☆	22	16	Keagan J	1-9	2.0
Keegan V ☆	18	18	Josh V	0-6	1.0
Rikus B	0	0	Jeddon K	0-6	0.5

HL1 won by 9 Wickets





BASKETBAL

ONS Basketbalspan (seuns) het die afgelope Saterdag, teen St Benedicts, as oorwinnaars uit die stryd getree.



SKAAK

DAAR het twee groot skaaktoernooie tydens Desember plaasgevind. Die eerste is die **Gauteng Inter regionals** wat by UJ plaasgevind het.

Verskeie Helpies het deelgeneem en mnr. Wilco Roets was self betrokke as skeidsregter en het 'n norm verwerf vir goeie werk gelew.

- **Edward Potgieter, Evan Horn** en **Kayla Butler** speel vir Johannesburg Metro o.18 A - hulle span behaal 'n tweede plek.
- **Adriano Goncalves** speel vir Ekurhuleni o.18 A
- **Lorent de Jager** speel vir Ekurhuleni o.16 A - sy span behaal 'n derde plek.
- **Ruan Voogt** speel vir Ekurhuleni o.16 B - sy span behaal 'n tweede plek.
- **Chris Botha** speel vir Ekurhuleni o.14 A-seuns - sy span behaal 'n derde plek.
- **Cathri Botha** speel vir Ekurhuleni o.14 A-meisies - haar span behaal 'n derde plek.
- **Freddy Rademeyer** speel vir Johannesburg Metro o.14 C.
- **Zelneri Moorcroft** speel vir Ekurhuleni o.14 B-meisies
- Oud-Helpie, **Zander Swart**, speel vir Ekurhuleni o.20 A wat uiteindelik tweede eindig



Die tweede toernooi is die **Mzansi Interprovincial Youth Chess Championships** wat in Limpopo plaasgevind het.

- **Kayla Butler** wen die o.18 meisies-afdeling en kwalifiseer vir die *South African Junior Closed Chess Championship*.
- **Adriano Goncalves, Freddy Rademeyer en Zelneri Moorcroft** kwalifiseer ook vir South African Junior Closed Chess Championship op grond van hul prestasie by dié toernooi.



Dit is egter nie die enigste Helpies wat by hierdie toernooi kan gaan speel nie. **Edward Potgieter, Chris Botha en Cathri Botha** het reeds met Grand Prix-punte gedurende die 2024-seisoen gekwalifiseer.



SWEM

DIE swemspan het Donderdag, 23 Januarie aan 'n gala by Redhill deelgeneem en stof (of water) in die ander se oë geskop.

1. Helpmekaar 823

2. Redhill 607

3. King David Linksfield 452

4. Randburg 357

5. Crawford Sandton 85



SKOOLFONDS 2025

Ter herinnering

**Die skoolfooi vir 2025 is
R 101 860**

Skoolgeldbetaalmetodes:

- Eenmalig (voor 31 Januarie 2025): **R96 700**.
- Per Termyn: **R 33 100 x 3**
(betaalbaar tydens eerste week van elke termyn).
- Per maand: **R9 260 x 11** (Januarie tot November).



Let wel dat skoolgelde nie toere, uitstappies, handboeke en skryfbehoeftes insluit nie.

Ouers met meer as een kind in HMK:

- 2e kind: **R91 630** (R8 330 x 11 mnnde)
- 3e kind: **R81 400** (R7 400 x 11 mnnde)
- 4e kind: **R76 395** (R6 945 x 11 mnnde)

Nuwe leerders

'n Nie-verhaalbare (eenmalige) inskrywingsfooie van R2 500 is betaalbaar met aanvaarding en inskrywing, asook die eerste paalement van die skoolgelde.

Instandhoudingsfonds

Die direksie versoek dat ouers weer 'n bedrag van R1 000 per kind tot die Instandhoudingsfonds bydra.

Hierdie vrywillige bydrae kan dien tot 'n belastingvoordeel en daar kan, op versoek, 'n spesiale kwitansie Art18(A)2 van die Inkomstebelastingwet, nr 58 van 1962, aan ouers uitgereik word.

Koshuis

Koshuisgeld vir 2025 beloop **R60 060**
11 x R5 460 (Jan – Nov)



Skool se bankbesonderhede

Helpmekaar Kollege

ABSA BANK

Takkode: 632005

Reknommer: 406 683 1879

Verwysing : Kind se naam en van (OF rekeningnommer bv. A001) / aktiwiteit)



Busfooie 2025

Kliek asb op die skakel
om die busfooie vir 2025
te sien:



Formele Finansiële Ooreenkoms

ALLE OUERS moet asb. die
Finansiële Ooreenkoms met
Helpmekaar Kollege aanlyn voltooi,
indien u dit nog nie gedoen het nie.

Finansiële Ooreenkoms

